21 Gebede

Huiskerk

Quellerina Gemeente

# Habakuk se gebed

## Habakuk 3:2-19

*'n Ou kerklied het die volgende woorde bevat: "Tel jou seëninge, tel hul een vir een ..." Dit is 'n resep wat mense help om staande te bly wanneer die lewe se storms om hulle woed.*

*Die uiteinde van so 'n tel-oefening is dat jy verbaas staan oor wat God jou gee.*

*Maar in hierdie gebed sien ons iemand wat die gebrek aan seëninge*
*een vir een tel: Die skure is leeg, die oes het misluk, die veekrale is leeg ... Steeds kan hy jubel, omdat hy verbaas staan – nie oor die seëninge wat oorgebly het nie, maar oor die God wat seëninge gee.*

*Lees die teks stadig deur. Lees dit hardop indien moontlik.*

*Hoe pas die gebed by jou lewe in?*

*Watse emosies kom na vore as jy die gebed lees?*

*Bid hierdie teksgedeelte.*

*Geen wonder Corrie ten Boom het gesê nie: "Wanneer 'n trein deur 'n tonnel ry en dit word donker, gooi jy nie jou kaartjie weg en spring van die trein af nie. Jy sit stil en vertrou die masjinis!"*
*(Bybel 24/7)*

21 Gebede

Huiskerk
Quellerina Gemeente

# Habakuk se gebed

***Habakkuk 3 is die gebed van die profeet. Watter woorde en frases gebruik hy om vertroue in God te kommunikeer?***

***Hoe kan jy jou vertrou in God deel/verduidelik?***

***Kyk na vers 2. Hoe gee dit ons vertroue in God oor sy werk in ons verlede, nou en in ons toekoms?***

***Watter scenario skilder die profeet in vers 17? Kan jy aan 'n metafoor in jou eie lewe dink?***

***Hoe kies Habakkuk om hom te verbly in verse 17-19?***

***Op watter manier kan jy jou in jou Vader verbly?***